- (a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph: 50
- “(a) No person shall export any product with an alcohol content of more than [**one**] 0.5 per cent for drinking purposes, except on the authority of an export certificate issued by the administering officer.”;
- (b) by the substitution in subsection (1)(b) for subparagraph (i) of the following subparagraph: 55

Vereistes rakende ander gegiste drank**6C.** (1) Ander gegiste drank moet—

- (a) deur die alkoholiese gisting op die voorgeskrewe wyse van 'n voorgeskrewe stof geproduseer word; en
- (b) op so 'n wyse geproduseer word dat dit van 'n voorgeskrewe klas is en aan die voorgeskrewe vereistes vir die betrokke klas voldoen. 5
- (2) Ander gegiste drank moet 'n bepaalde voorgeskrewe stof nie tot 'n groter mate as voorgeskryf, bevat nie.
- (3) Niemand mag, hetsy voor, tydens of na die alkoholiese gisting in subartikel (1)(a) bedoel— 10
- (a) enige stof behalwe 'n stof vir hierdie doel voorgeskryf, tot die voorgeskrewe stof in daardie paragraaf bedoel of die ander gegiste drank daarvan geproduseer, byvoeg of daarvan verwyder nie; en
- (b) 'n stof kragtens paragraaf (a) voorgeskryf byvoeg of verwyder behalwe ooreenkomstig die voorgeskrewe wyse of voorwaardes nie.”. 15

Herroeping van artikel 10 van Wet 60 van 1989

6. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 11 van Wet 60 van 1989

7. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur in subartikel (2) paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang: 20
- “(c) die woord of uitdrukking ‘bier’, ‘beer’, ‘tradisionele Afrika-bier’, ‘traditional African beer’, ‘alkoholiese vrugtedrank’, ‘alcoholic fruit beverage’, ‘druifbasisdrank’, ‘grape-based liquor’, ‘spiritusbasisdrank’, ‘spiritbased liquor’, [**‘spesiaal gemagtigde drank’ of ‘specially authorized liquor’**] ‘ander gegiste drank’ of ‘other fermented beverage’ gebruik nie, tensy dit deel van 'n klasbenaming vir die betrokke drankprodukt uitmaak;”;
- (b) deur paragraaf (b) van subartikel (4) te skrap. 25

Wysiging van artikel 16 van Wet 60 van 1989

8. Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig— 30
- (a) deur in subartikel (1) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(a) Niemand mag 'n produk met 'n alkoholinhoud van meer as [een] 0.5 persent vir drinkdoeleindes in die Republiek invoer nie, behalwe op gesag van 'n invoersertifikaat deur die beherende amptenaar uitgereik.”;
- (b) deur in subartikel (1)(b) subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te 35
- vervang:
- “(i) [**bier, sorghumbier en**] medisyne in artikel 4(2) bedoel;”;
- (c) deur in subartikel (3)(a) subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te 40
- vervang:
- “(i) die betrokke produk wyn, bier, tradisionele Afrika-bier, 'n alkoholiese vrugtedrank, ander gegiste drank, 'n spiritus, 'n druifbasisdrank of 'n spiritusbasisdrank is; en”.

Wysiging van artikel 17 van Wet 60 van 1989

9. Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur in subartikel (1) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang: 45
- “(a) Niemand mag 'n produk met 'n alkoholinhoud van meer as [een] 0.5 persent vir drinkdoeleindes uitvoer nie, behalwe op gesag van 'n uitvoersertifikaat deur die beherende amptenaar uitgereik.”;
- (b) deur in subartikel (1)(b) subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te 50
- vervang:
- “(i) [**bier, sorghumbier en**] medisyne in artikel 4(2) bedoel; en”;

(c) by the addition of the following subsection:

“(6) Notwithstanding the provisions of this section, the Minister may designate a juristic person, body of persons or institution to exercise the powers and carry out the duties referred to in this section, subject to the control and instructions of the administering officer.”.

5

Amendment of section 18 of Act 60 of 1989

10. Section 18 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) The administering officer and an officer acting under a delegation or direction of the administering officer may, **[whenever he deems it necessary]** in the exercising or carrying out by him or her of any power or duty which is granted to or imposed upon the administering officer by or under this Act, at any reasonable time and without prior notice, enter upon any place, premises or conveyance—

10
15

(i) including a private dwelling, with the consent of the owner or person in charge of the place, premises or conveyance;

(ii) excluding a private dwelling, from which a person conducts or is on reasonable grounds suspected of conducting business falling under the provisions of this Act or a scheme;

20

(iii) which is a private dwelling, under authority of a warrant issued in terms of paragraph (d) or without a warrant in terms of paragraph (e).”;

(b) by the substitution in subsection (1) for paragraph (c) of the following paragraph:

25

“(c) A person who enters upon any place, premises or conveyance in terms of this subsection shall show proof of his identity and authority **[when requested thereto by the person in charge of the place, premises or conveyance concerned]** and inform the person in charge of the place, premises or conveyance concerned of the purpose of the entry.”; and

30

(c) by the addition in subsection (1) of the following paragraphs:

“(d) Where on application to a magistrate it appears to such magistrate from information on oath or affirmation that there are reasonable grounds to believe that—

35

(i) the conditions for entry described in subsection (1)(a)(ii) exist in relation to a private dwelling;

(ii) entry to that private dwelling is necessary for any purpose relating to the administration or enforcement of this Act; and

(iii) entry to the private dwelling has been refused or that entry thereto will be refused,

40

that magistrate may issue a warrant authorising the person named therein to enter that private dwelling subject to such conditions as may be specified in the warrant.

(e) If a person referred to in subsection (1) believes on reasonable grounds that—

45

(i) a warrant would be issued to him or her under paragraph (d) if he or she applies for such a warrant; and

(ii) a delay in obtaining such warrant would defeat the object of the entry or investigation,

50

he or she may without a warrant enter such private dwelling for any purpose relating to the administration or enforcement of this Act.”.

Amendment of section 19 of Act 60 of 1989

11. Section 19 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

55

“(1) A person referred to in section 18(1) may **[at any reasonable time and in any manner deemed fit by him, without prior notice to any person]**, upon entry of the place, premises or conveyance in terms of that section, seize any liquor product, material, substance or other article, or any book or document, that—

60

(c) deur die volgende subartikel by te voeg:

“(6) Ondanks die bepalings van hierdie artikel, kan die Minister ’n regspersoon, liggaam van persone of instelling aanwys om die in hierdie artikel bedoelde bevoegdhede uit te voer en pligte te verrig, onderworpe aan die beheer en instruksies van die beherende beampte.”.

5

Wysiging van artikel 18 van Wet 60 van 1989

10. Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) Die beherende amptenaar en ’n beampte wat kragtens ’n delegasie of lasgewing van die beherende amptenaar optree, kan, **[wanneer hy dit nodig ag]** by die uitoefening of uitvoering deur hom of haar van enige bevoegdheid of plig wat die beherende amptenaar by of kragtens hierdie Wet verleen of opgelê is, te eniger redelike tyd en sonder voorafgaande kennisgewing, enige plek, perseel of vervoermiddel betree—

15

- (i) met inbegrip van ’n private woning, met die toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die plek, perseel of vervoermiddel;
- (ii) met uitsondering van ’n private woning, waaruit iemand sake doen of op redelike gronde vermoed word sake te doen wat onder die bepalings van hierdie Wet of ’n skema val;
- (iii) wat ’n private woning is, met gesag van ’n lasbrief uitgereik ingevolge paragraaf (d) of sonder ’n lasbrief ingevolge paragraaf (e).”;

20

(b) deur in subartikel (1) paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) Iemand wat ’n plek, perseel of vervoermiddel ingevolge hierdie subartikel betree, moet bewys van sy of haar identiteit en magtiging toon **[wanneer hy deur]** en die persoon in beheer van die betrokke plek, perseel of vervoermiddel **[daartoe versoek word]** inlig van die doel van die betreding.”; en

25

(c) deur die volgende paragrawe in subartikel (1) by te voeg:

30

“(d) Waar dit by aansoek by ’n landdros vir die landdros uit inligting onder eed of bevestiging blyk dat daar redelike gronde is om te glo dat—

- (i) die voorwaardes van betreding in subartikel (1)(a)(ii) beskryf in verband met ’n private woning, bestaan;
- (ii) betreding van daardie private woning nodig is vir enige doel in verband met die administrasie of afdwinging van hierdie Wet; en
- (iii) betreding van die private woning geweier is of daardie betreding daarvan geweier sal word,

35

kan daardie landdros ’n lasbrief uitreik wat die persoon daarin genoem magtig om daardie private woning te betree behoudens voorwaardes wat in die lasbrief gespesifiseer kan word.

40

(e) Indien iemand in subartikel (1) bedoel, op redelike gronde glo dat—

- (i) ’n lasbrief kragtens paragraaf (d) aan hom of haar uitgereik sal word of indien hy of sy om so ’n lasbrief aansoek doen; en
- (ii) ’n vertraging in die verkryging van sodanige lasbrief die doel van die betreding of ondersoek sal verydel,

45

kan hy of sy daardie private woning sonder ’n lasbrief betree vir enige doel wat met die administrasie of afdwinging van hierdie Wet verband hou.”.

50

Wysiging van artikel 19 van Wet 60 van 1989

11. Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) ’n Persoon in artikel 18 (1) bedoel, kan **[te eniger redelike tyd en op enige wyse wat hy geskik ag, sonder voorafgaande kennisgewing aan enige persoon]**, by betreding van die plek, perseel of vervoermiddel ingevolge daardie artikel, beslag lê op enige drankprodukt, materiaal, stof of ander artikel, of op enige boek of stuk, wat—

55

- (a) is concerned or is on reasonable grounds believed by him or her to be concerned in the commission or suspected commission of any offence under this Act;
- (b) may afford evidence of the commission or suspected commission of any such offence; or
- (c) is intended or is on reasonable grounds believed by him or her to be intended to be used in the commission of any such offence.”; and
- (b) by the addition in subsection (3) of the following paragraphs:
- “(c) Notwithstanding the provisions of paragraph (b), at the option of the person from whom such a liquor product, material, substance or other article was seized, the administering officer or Authority, as the case may be, may direct that such liquor product, material, substance or other article be destroyed by and at the expense of that person within such period as the administering officer or the Authority, as the case may be, may reasonably determine.
- (d) If the person from whom such liquor product, material, substance or other article was seized, fails to destroy that liquor product, material, substance or other article within the period determined in terms of paragraph (c), that liquor product, material, substance or other article shall be forfeited to the State, and thereafter be destroyed.
- (e) The State may recover any expenses incurred by it in connection with the destruction of a liquor product, material, substance or other article in terms of paragraph (d) from the person from whom such a liquor product, material, substance or other article was seized.”.

Amendment of section 20 of Act 60 of 1989

12. Section 20 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (b) of the following paragraph:
- “(b) The Director-General may designate an institution having adequate facilities and suitably qualified, skilled and experienced personnel, as an analyst for the purposes of the provisions of this Act or a scheme.”; and
- (b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
- “(2) Each sample submitted to an analyst in terms of section 18(4) shall be tested, examined or analysed [by him] in accordance with the prescribed methods.”.

Amendment of section 23 of Act 60 of 1989

13. Section 23 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in subsection (1) for paragraphs (a), (b), (c) and (g) of the following paragraphs, respectively:
- “(a) contravenes or fails to comply with a provision of section 4(1), 5(3)(a), 6(3)(a), 6A(3)(a), 6B(3)(a), 6C(3)(a), 7(3)(a), 8(3)(a), 9(3)(a), 11(1), (2) or (3), 12(1), 16(1)(a), 17(1)(a) or 21(1) or (2);
- (b) contravenes or fails to comply with a provision of section 5(3)(b), 6(3)(b), 6A(3)(b), 6B(3)(b), 6C(3)(b), 7(3)(b), 8(3)(b), 9(3)(b) or 20(4);
- (c) contravenes or fails to comply with a condition, restriction, prohibition, reservation or direction imposed under section [10(4), 11(4) or (5)(b), 13A(1), 16(4) or (5), 17(4) or 28(3)(a);
- (g) refuses or fails without sufficient cause to furnish information or give an explanation or to answer to the best of his or her ability to a question lawfully demanded from or put to him or her by a person referred to in section 18(1) in the exercising of his or her powers or the carrying out of his or her duties under this Act or a scheme, or furnishes information, an explanation or an answer to such person which is false or misleading, knowing that it is false or misleading;”.

- (a) betrokke is of op redelike gronde deur hom of haar vermoed word betrokke te wees by die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf kragtens hierdie Wet;
- (b) tot bewys kan strek van die pleging of vermeende pleging van so 'n misdryf; of 5
- (c) wat bestem is of op redelike gronde deur hom of haar vermoed word bestem te wees om by die pleging van so 'n misdryf gebruik te word.”; en
- (b) deur die volgende paragrafe in subartikel (3) by te voeg:
- “(c) Ondanks die bepalings van paragraaf (b), indien die persoon van wie daardie drankprodukt, materiaal, stof of ander artikel in beslag geneem is dit verkies, kan die administrerende beampte of Owerheid, na gelang van die geval, gelas dat daardie drankprodukt, materiaal, stof of ander artikel deur en op onkoste van daardie persoon vernietig word binne die tydperk wat die administrerende beampte of Owerheid, na gelang van die geval, redelik kan vasstel. 10
- (d) Indien die persoon van wie daardie drankprodukt, materiaal, stof of ander artikel in beslag geneem is, versuim om daardie materiaal, stof of ander artikel binne die tydperk ingevolge paragraaf (c) vasgestel, te vernietig, word daardie drankprodukt, materiaal, stof of ander artikel aan die Staat verbeur en daarna vernietig. 15
- (e) Die Staat kan enige onkoste in verband met die vernietiging van 'n drankprodukt, materiaal, stof of ander artikel ingevolge paragraaf (d), deur die Staat aangegaan van die persoon verhaal van wie daardie drankprodukt, materiaal, stof of ander artikel in beslag geneem is.”. 20 25

Wysiging van artikel 20 van Wet 60 van 1989

12. Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur paragraaf (b) in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(b) Die Direkteur-generaal kan 'n instelling met voldoende fasiliteite en personeel met gepaste kwalifikasies, vaardighede en ervaring, aanwys as ontleder vir die doeleindes van die bepalings van hierdie Wet of 'n skema.”; en 30
- (b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(2) Elke monster wat ingevolge artikel 18(4) aan 'n ontleder voorgelê word, word ooreenkomstig die voorgeskrewe metodes [**deur hom**] getoets, ondersoek of ontleed.”. 35

Wysiging van artikel 23 van Wet 60 van 1989

13. Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in subartikel (1) paragrafe (a), (b), (c) en (g) onderskeidelik deur die volgende paragrafe te vervang: 40
- “(a) 'n bepaling van artikel 4(1), 5(3)(a), 6(3)(a), 6A(3)(a), 6B(3)(a), 6C(3)(a), 7(3)(a), 8(3)(a), 9(3)(a), 11(1), (2) of (3), 12(1), 16(1)(a), 17(1)(a) of 21(1) of (2) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (b) 'n bepaling van artikel 5(3)(b), 6(3)(b), 6A(3)(b), 6B(3)(b), 6C(3)(b), 7(3)(b), 8(3)(b), 9(3)(b) of 20(4) oortree of versuim om daaraan te voldoen; 45
- (c) 'n voorwaarde, beperking, verbod, voorbehoud of voorskrif kragtens artikel [**10(4)**], 11(4) of (5)(b), 13A(1), 16(4) of (5), 17(4) of 28(3)(a) opgelê, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (g) sonder genoegsame rede weier of versuim om inligting te verstrek of 'n verduideliking te gee of na sy of haar beste vermoë te antwoord op 'n vraag wat regtens deur 'n persoon in artikel 18(1) bedoel, by die uitoefening van sy of haar bevoegdheids of die uitvoering van sy of haar pligte kragtens hierdie Wet of 'n skema van hom of haar eis of aan hom of haar stel, of aan so 'n persoon inligting, 'n verduideliking of antwoord verstrek wat vals of misleidend is terwyl hy of sy weet dat dit vals of misleidend is.”. 50 55

Amendment of section 24 of Act 60 of 1989

14. Section 24 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraphs (a), (b), (d) and (e) of the following paragraphs, respectively:

- “(a) it shall be presumed, **[unless the contrary is proved]** in the absence of evidence to the contrary that raises a reasonable doubt, that the applicable provisions of this Act or a scheme apply to the product in respect of which the offence concerned has allegedly been committed; 5
- (b) any quantity of a liquor product, material, substance or other article in or upon any place, premises or conveyance when a sample thereof is taken in accordance with the provisions of this Act shall, **[unless the contrary is proved]** in the absence of evidence to the contrary that raises a reasonable doubt, be deemed to be of the same composition as that sample, and to possess in all other respects the same properties as that sample; 10
- (d) any statement or entry contained in any book or document kept by any person or the manager, agent or employee of such person, or found in or upon any place or premises occupied by, or any vehicle used in the business of, such person, shall be admissible in evidence against him or her as an admission of the facts set forth in that statement or entry, unless **[it is proved]** evidence to the contrary that raises a reasonable doubt is adduced that such statement or entry was not made by such person, or by the manager, agent or employee of such person in the course of his or her work as manager or in the course of his or her agency or employment; and 15
- (e) it shall be presumed, **[unless the contrary is proved]** in the absence of evidence to the contrary that raises a reasonable doubt, that a permit, authorization, consent, approval, certificate or other document has not been issued, given or granted to any person who in terms of this Act or a scheme is required to be in possession thereof.”. 25

Amendment of section 26 of Act 60 of 1989

15. Section 26 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection: 30

- “(1) When a manager, representative, agent, employee or member of the family of a person (in this section called the principal) does or omits to do any act, and it would be an offence under this Act for the principal to do or omit to do such act himself or herself, that principal shall be deemed himself or herself to have done or omitted to do the act, unless he or she satisfies the court that there is a reasonable possibility that— 35
- (a) he or she neither connived at nor permitted the act or omission by the manager, representative, agent, employee or member concerned;
- (b) he or she took all reasonable steps to prevent the act or omission; and
- (c) an act or omission, whether lawful or unlawful, of the nature charged, on no condition or under no circumstance fell within the scope of the authority or employment of the manager, representative, agent, employee or member concerned, 40
- and the fact that such principal issued instructions whereby an act or omission of that nature is prohibited, shall in itself not **[be sufficient proof]** constitute a reasonable possibility that he or she took all reasonable steps to prevent the act or omission.”. 45

Wysiging van artikel 24 van Wet 60 van 1989

14. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragrawe (a), (b), (d) en (e) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

- “(a) word daar vermoed, **[tensy die teendeel bewys word]** by gebrek aan weerleggende getuienis wat redelike twyfel laat ontstaan, dat die toepaslike 5
bepalings van hierdie Wet of ’n skema van toepassing is op die produk ten opsigte waarvan die betrokke misdryf na bewering gepleeg is;
- (b) word enige hoeveelheid van ’n drankprodukt, materiaal, stof of ander artikel wat in of op ’n plek, perseel of vervoermiddel is wanneer ’n monster daarvan ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Wet geneem word, geag van 10
dieselfde samestelling as daardie monster te wees, en in alle ander opsigte dieselfde eienskappe as daardie monster te besit, **[tensy die teendeel bewys word]** by gebrek aan weerleggende getuienis wat redelike twyfel laat ontstaan;
- (d) is ’n verklaring of inskrywing wat bevat is in ’n boek of stuk wat deur iemand 15
of die bestuurder, agent of werknemer van so iemand, gehou word, of wat gevind word op of in ’n plek of perseel geokkupeer deur, of ’n vervoermiddel gebruik in die besigheid van, so iemand, toelaatbaar as getuienis teen so iemand as ’n erkenning van die feite uiteengesit in daardie verklaring of 20
inskrif, tensy **[daar bewys word]** weerleggende getuienis gevind word wat redelike twyfel laat ontstaan dat so ’n verklaring of inskrywing nie deur so iemand of deur die bestuurder, agent of werknemer van so iemand, in die loop van sy of haar werk as bestuurder of in die loop van sy of haar agentskap of diens gemaak is nie; en
- (e) word daar vermoed, **[tensy die teendeel bewys word]** by gebrek aan 25
weerleggende getuienis wat redelike twyfel laat ontstaan, dat ’n permit, magtiging, toestemming, goedkeuring, sertifikaat of ander stuk nie uitgereik, gegee of verleen is nie aan iemand van wie daar ingevolge hierdie Wet of ’n skema vereis word om in besit daarvan te wees.”.

Wysiging van artikel 26 van Wet 60 van 1989

30

15. Artikel 26 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(1) Wanneer ’n bestuurder, verteenwoordiger, agent, werknemer of lid van die gesin van iemand (in hierdie artikel die prinsipaal genoem) enige handeling verrig of versuim om dit te verrig, en dit ’n misdryf kragtens hierdie Wet sou wees indien 35
die prinsipaal self so ’n handeling verrig of versuim om dit te verrig, word daardie prinsipaal geag self die handeling te verrig het of te versuim het om dit te verrig, tensy hy of sy die hof oortuig dat daar ’n redelike moontlikheid is dat—
- (a) hy of sy die handeling of versuim van die betrokke bestuurder, verteenwoordiger, agent, werknemer of lid nóg veroorloof nóg oogluikend toegelaat 40
het;
- (b) hy of sy alle redelike stappe gedoen het om die handeling of versuim te voorkom; en
- (c) ’n handeling of versuim, hetsy wettig of onwettig, van die ten laste gelegde aard op geen voorwaarde of onder geen omstandigheid binne die bestek van 45
die bevoegdheid of diens van die betrokke bestuurder, verteenwoordiger, agent, werknemer of lid geval het nie,
- en die feit dat sodanige prinsipaal opdragte uitgereik het waarvolgens ’n handeling of versuim van daardie aard verbied word, **[is]** op sigself nie **[voldoende bewys]** ’n redelike moontlikheid daarstel dat hy of sy alle redelike stappe gedoen het om die 50
handeling of versuim te voorkom nie.”.

Amendment of section 27 of Act 60 of 1989

- 16.** Section 27 of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (m) of the following paragraph: 5
 “(m) the **[quantity]** calibration, gauging and marking of tanks, casks and other receptacles used in the production and storage of liquor products;”;
- (b) by the addition in subsection (1) of the following paragraphs: 10
 “(o) the compulsory registration of persons as producers, blenders or fillers of liquor products;
 (p) standards for and the type of container and packaging in which a liquor product or class of liquor product shall or may be contained or sold, as well as the minimum or maximum capacity of such a container.”;
- (c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection: 15
 “(3) A regulation may for any contravention thereof or failure to comply therewith, prescribe a penalty [**which shall not exceed**] of a fine [**of R2 000**] or imprisonment for a period of [**six**] 12 months or both that fine and that imprisonment.”; and
- (d) by the addition of the following subsection: 20
 “(5) The Minister must table regulations made in terms of this Act to Parliament for consideration.”.

General amendment to Act 60 of 1989

- 17.** The principal Act is hereby amended—
- (a) by the substitution for the words “chairman” and “vice-chairman”, wherever they appear in the Act, of the words “chairperson” and “vice-chairperson”, respectively; 25
- (b) by the substitution for the words “he”, “his”, “him” and “himself”, wherever they appear in the Act, of the words “he or she”, “his or her”, “him or her” and “himself or herself”, respectively; and 30
- (c) by the substitution for the word “board”, wherever it appears in the Act, of the word “Authority”.

Transitional provisions

- 18.** (1) The Wine and Spirit Board established by section 2 of the principal Act is hereby dissolved. 35
- (2) The members of the Wine and Spirit Board in office immediately prior to the commencement of this Act shall become members of the Wine Certification Authority established in terms of section 2 of the principal Act as amended by this Act and must be regarded as having been appointed to the Wine Certification Authority in terms of that section. 40
- (3) The members contemplated in subsection (2) hold office for the unexpired period of office of such members or until the appointment of members of the Authority in terms of section 2 of the principal Act, whichever is the later.

Amendment of laws

- 19.** The laws mentioned in the Schedule are hereby amended to the extent indicated in the third column thereof. 45

Short title and commencement

- 20.** This Act is called the Liquor Products Amendment Act, 2021, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

Wysiging van artikel 27 van Wet 60 van 1989

16. Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur in subartikel (1) paragraaf (m) deur die volgende paragraaf te vervang:
“(m) die **[hoeveelheid]** kalibrasie, afmeting en merk van tenks, vate en ander houers gebruik in die produksie en berging van drankprodukte **[en die merk daarvan]**.”; 5
- (b) deur die volgende paragrawe in subartikel (1) in te voeg:
“(o) die verpligte registrasie van persone as produsente, vermengers of vullers van drankprodukte; 10
(p) standarde vir en die tipe houers en verpakking waarin ’n drankprodukt of klas van drankprodukt gehou of verkoop moet of kan word asook die minimum of maksimum kapasiteit van so ’n houers.”;
- (c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
“(3) ’n Regulasie kan ten opsigte van enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, ’n straf voorskryf **[wat]** van ’n boete **[van hoogstens R2 000]** of gevangenisstraf van **[hoogstens ses]** 12 maande of daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf **[nie te bowe gaan nie]**.”; en 15
- (d) deur die volgende subartikel by te voeg: 20
“(5) Die Minister moet regulasies ingevolge hierdie Wet gemaak in die Parlement ter tafel lê vir oorweging.”.

Algemene wysiging aan Wet 60 van 1989

17. Die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die woorde “hy”, “sy”, “hom” en “homself”, waar dit ook al in die Wet voorkom, behalwe waar dit na ’n regs persoon soos die Owerheid verwys, te vervang deur die woorde “hy of sy”, “sy of haar” en “sigself”, onderskeidelik; en 25
- (b) deur die woord “raad”, waar dit ook al in die Wet voorkom, deur die woord “Owerheid” te vervang. 30

Oorgangsmatreëls

18. (1) Die Wyn- en Spiritusraad ingestel by artikel 2 van die Hoofwet word hierby ontbind.
- (2) Die lede van die Wyn- en Spiritusraad wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet die amp beklee, word lede van die Wynsertifiseringsowerheid gestig ingevolge artikel 2 van die Hoofwet soos deur hierdie Wet gewysig en moet geag word ingevolge daardie artikel tot die Wynsertifiseringsowerheid aangestel te wees. 35
- (3) Die lede in subartikel (2) beoog beklee die amp vir die onverstreke ampstermyn van daardie lede of tot die aanstelling van lede van die Owerheid ingevolge artikel 2 van die Hoofwet, welke ook al later gebeur. 40

Wysiging van wette

19. Die wette in die Bylae genoem word hierby gewysig tot die mate in die derde kolom daarvan aangedui.

Kort titel en inwerkingtreding

20. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Drankprodukte, 2021, en tree in werking op ’n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel. 45

Schedule

LAWS AMENDED

(Section 19)

Act No. and year	Short Title	Extent of repeal or amendment
91 of 1964	Customs and Excise Act, 1964	<p>1. The amendment of section 1 by the deletion in subsection (1) of the definition of “Wine and Spirit Board”.</p> <p>2. The substitution for section 30 of the following section:</p> <p>“30. Control of the use of spirits for certain purposes [(1) No person shall use spirits, distilled from the product of the vine, in the manufacture of alcoholic beverages unless such spirits have been certified by the Wine and Spirit Board to be suitable for use as aforesaid: Provided that if the Board declines to certify any spirits as suitable for such use as aforesaid, the manufacturer may redistil such spirits or treat the same by any method approved by the Board, and thereafter the Board may certify the spirits as suitable for use in the manufacture of alcoholic beverages.</p> <p>(2) The blending of brandy [in terms of section 9 (1) (b) of the Wine and Spirits Control Act, 1970 (Act No. 47 of 1970),] and the production from spirits of any other beverage or any other non-excisable goods shall be subject to such supervision by an officer as the Commissioner may in each case consider necessary.</p> <p>[(3) The provisions of sub-section (1) shall not apply to an agricultural distiller or a wine-grower who manufactures alcoholic beverages under the provisions of this Act for his private use.]”.</p>
27 of 1989	Liquor Act, 1989	<p>1. The amendment of section 1—</p> <p>(a) by the substitution for paragraph (b) of the definition of “alcoholic fruit beverage” of the following paragraph:</p> <p>“(b) [a specially authorized liquor] an other fermented beverage as defined in section 1 of the Liquor Products Act, 1989, obtained by the alcoholic fermentation of the juice of oranges together with cane sugar;”;</p>

25

Bylae

WETTE GEWYSIG

(Artikel 19)

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van wysiging
91 van 1964	Doeane- en Aksynswet, 1964	<p>1. Artikel 1 word gewysig deur in subartikel (1) die omskrywing van “Wyn- en Spiritusraad” te skrap.</p> <p>2. Artikel 30 word deur die volgende artikel vervang:</p> <p>“30. Beheer van die gebruik van spiritus vir sekere doeleindes [(1) Niemand mag spiritus, wat van die voortbrengsel van die wingerdstok gedistilleer is, by die vervaardiging van alkoholiese drank gebruik tensy sodanige spiritus deur die Wyn- en Spiritusraad as geskik vir voormelde gebruik gesertifiseer is nie: Met dien verstande dat indien die Raad weier om enige spiritus as geskik vir voormelde gebruik te sertifiseer, die vervaardiger sodanige spiritus kan herdistilleer, of dit kan behandel volgens enige metode wat die Raad goedkeur en daarna kan die Raad die spiritus sertifiseer as geskik vir gebruik by die vervaardiging van alkoholiese dranke.</p> <p>(2) Die vermenging van brandewyn [ingevolge artikel 9(1)(b) van die Wet op Beheer oor Wyn en Spiritualieë, 1970 (Wet No. 47 van 1970),] en die vervaardiging van spiritus van enige ander drank of enige ander nie-synsbare goedere is aan die toesig deur ’n beampte onderhewig wat die Kommissaris in elke geval nodig ag.</p> <p>[(3) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op ’n landboudistilleerder of ’n wynbouer wat alkoholiese drank vir sy private gebruik kragtens die bepalings van hierdie Wet vervaardig nie.]”.</p>
27 van 1989	Drankwet, 1989	<p>1. Artikel 1 word gewysig—</p> <p>(a) deur paragraaf (b) van die omskrywing van “alkoholiese vrugtedrank” deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(b) [’n spesiaal gemagtigde drank] en ander gegiste drank soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Drankprodukte, 1989, wat verkry is deur die alkoholiese gisting van die sap van vars lemoene tesame met rietsuiker;”;</p>

Act No. and year	Short Title	Extent of repeal or amendment
		<p>(b) by the substitution for the definition of “beer” of the following definition: “‘beer’ means beer as defined in section 1 of the <u>Liquor Products Act, 1989</u>, but does not include sorghum beer;”; and</p> <p>(c) by the substitution for the definition of “sorghum beer” of the following definition: “‘sorghum beer’ means— (a) [the drink generally known as sorghum beer and commonly manufactured from grain sorghum, millet or other grain] traditional African beer as defined in section 1 of the <u>Liquor Products Act, 1989</u>; or (b) any other fermented liquor declared to be sorghum beer under subsection (2)(c);”.</p>
59 of 2003	Liquor Act, 2003	<p>1. The amendment of section 1— (a) by the deletion of the definition of “beer”; (b) by the substitution for the definition of “liquor” of the following definition: “‘liquor’ means— (a) a liquor product, as defined in section 1 of the <u>Liquor Products Act, 1989</u> (Act No. 60 of 1989); or (b) [beer or traditional African beer; or (c)] any other substance or drink declared to be liquor under section 42(2)(a);”; (c) by the deletion of the definition of “traditional African beer”; and (d) by the deletion of the definition of “traditional African beer powder”. 2. The substitution in section 42(2)(a) for subparagraph (i) of the following subparagraph: “(i) declaring any substance or fermented drink to be [beer] liquor [traditional African beer] or an impotable substance; or”. 3. The deletion of item 8 of Schedule 1.</p>

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van wysiging
		<p>(b) deur die omskrywing van “bier” deur die volgende omskrywing te vervang: “‘bier’ bier soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Drankprodukte, 1989, maar sluit <u>nie sorghumbier in nie</u>”; en</p> <p>(c) deur die omskrywing van “sorghumbier” deur die volgende omskrywing te vervang: “‘sorghumbier’—</p> <p>(a) [die drank algemeen bekend as sorghumbier en gewoonlik vervaardig van graansorghum, giers of ander graan] tradisionele <u>Afrika-bier soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Drankprodukte, 1989; of</u></p> <p>(b) enige ander gegiste drank kragtens subartikel (2)(c) tot sorghumbier verklaar;”.</p>
Wama-59 wezi-2003	Umthetho woTshwala, wezi-2003	<p>1. Ukuchibiyelwa kwesigaba soku-1—</p> <p>(a) ngokususa incazelo “yobhiya”;</p> <p>(b) ngokufaka endaweni yencazelo “yotshwala” incazelo elandelayo: “‘utshwala’ kusho—</p> <p>(a) umkhiqizo wotshwala, njengokuba uchaziwe esigabeni soku-1 se- <i>Liquor Products Act</i>, we-1989 (uMthetho wama- 60 we-1989); noma</p> <p>(b) [ubhiya noma utshwala besiNtu; noma</p> <p>(c) noma iyiphi into noma isiphuzo esimemezelwe ukuthi siwutshwala ngaphansi kwesigaba sama-42(2)(a);”;</p> <p>(c) ukususwa kwencazelo “yotshwala beSintu”; kanye</p> <p>(d) ukususwa kwencazelo “yempuphu yotshwala beSintu”.</p> <p>2. Ukufaka endaweni esigabeni sama-42(2)(a) yesiqeshana (i) isiqeshana esilandelayo: “(1) ukumemezela ukuthi into noma isiphuzo esifakwe imbiliso ukuthi [siwubhiya] [utshwala besiNtu] noma into engangeniswa ezweni; noma”.</p> <p>3. Ukususwa kohlamvu lwesi-8 lweSheduli yoku-1.</p>

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065